Ontmoeting 35 DIE TEMPEL WORD GEBOU

'N HUIS VIR DIE HERE

Salomo bou die tempel soos God voorgeskryf het.

Teks: 1 Konings 5 -9

Benodighede:

- Toiletrolletjies of groterige klippe
- Wol of maskeerband
- Leë bokse of eierhouers
- Maatband
- Flessie konfyt
- Skoenboks met prente van 'n palm, oop blom en gerub
- Tou of wol
- Kouelym
- Goue papier of spuitverf
- 8 koeverte

WELKOM

Terwyl die kinders inkom, gee vir elke kind toiletrolletjies of 'n paar groterige klippe (net wat byderhand is). Lê vooraf 'n eenvoudige fondasie van die tempel met wol op die vloer uit of plak dit met maskeerband. Laat die kinders hul klippe of toiletrolletjie al langs die lyne uitpak.

Speletjie: Bou-bou. Verdeel die kinders in groepies en gee vir hulle voorwerpe soos leë bokse, eierhouers, stoele of wat ookal in oorvloed beskikbaar is. Laat hulle dit binne een minuut so hoog as moontlik stapel sonder om enige geluide te maak. Gebruik 'n maatband om elke stapel te meet. Die wengroep kry 'n flessie konfyt.

Sing: "Building up the Temple"/ "Bou, bou, bou"

WYDING

Temaliedere: My God is so big and so strong and so mighty – Go Fish
Die Here is my Herder (soos by ontmoeting 31)

Stilword-ritueel uit Psalm 23:

Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. "*Die Here is by ons.*" Sê nou hardop: "*Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.*"

WOORD

Koning Salomo se pa Dawid wou baie graag vir die Here 'n huis bou. Vir 480 jaar het die Israeliete die Here in 'n tent aanbid. Die tent het hulle die tabernakel genoem. Dawid het te veel oorloë gemaak. Daarom kon hy nie die tempel bou nie. Salomo het van kleins af gesien hoe sy pa materiaal vir die tempel bymekaarmaak. Toe Dawid sterf, het Salomo God se belofte dat hy, Salomo, die Tempel sou bou, onthou. Dit sou ook sy pa se droom bewaarheid.

Salomo het geweet dit sou nie maklik of goedkoop wees nie, want hy wou net die beste materiaal gebruik om mee te bou. Hy het ook besluit om net die beste ambagsmanne te gebruik.

Die Here het self gesê hoe die tempel gebou moes word. Salomo mag nie daarvan afgewyk het nie.

Die les verloop verder as volg:

Berei vooraf die volgende voor:

Kry 'n skoenboks. Knip die prente van 'n palm, oop blom en gerub uit en plak dit op die boks. Plak tou of wol oor die lyne van die prente en trek die boks oor met goue papier of spuit met goue spuitverf. *Houtlym opsie: Doop tou/wol in koue lym. Sit 'n deurskynende plastieklaag op die prente. Omlyn die prente op die plastiek met die tou wat in die koue lym was. Laat dit hard word, haal dit versigtig van die plastiek af en plak dit op die boks. Rond dan af met spuitverf of goue papier.*

Kry genoeg koeverte en sit in elke koevert een van die volgende sinne. Laat 'n kind 'n koevert trek en dit lees. Gee 'n kort beskrywing van die betekenis.

"Die Here het gesê die tempel moet dertig meter lank, tien meter breed en vyftien meter hoog wees." *Tien meter is omtrent tien lang gestrekte treë. Tree dit af sodat die kinders kan sien hoe ver dit is. Dertig sal dus 3 maal soveel wees. Stel jou voor hoe hoog die tempel was.*

"Die Here het gesê daar mag geen geraas wees terwyl julle die tempel bou nie."*Salomo het gesorg dat al die kap en saagwerk en enige ander geraas ver van die tempel af gedoen word. Alles is goed voorberei en dan saggies tempel toe gebring en daar in stilte ingesit.*

"Die Here het gesê die groot vertrek, die voorste Heiligdom, moet twintig meter lank wees." *Hierdie gedeelte het Salomo met goud oorgetrek. Die dak, die mure en die vloer was goud.*

"Die Here het gesê die binneste Heiligdom word die Allerheiligste genoem en daarin moet die Ark gesit word." *Die ark was die kis waarin die 10 gebooie was. Op die ark was twee engele wat vooroor sit met hul vlerke na mekaar. Salomo het twee groot engele, 5 meter lank, van goud laat maak. Hulle het agter in die allerheiligste gestaan. Hulle vlerke was elkeen twee en 'n half meter lank en die punte van die twee engele se vlerke het aanmekaar geraak.*

"Die Here het gesê daar moet 'n altaar wees." *Voor die tempel het hulle 'n groot altaar van brons gemaak. Daarop is die diere geoffer. Die diere het vooruit gewys dat Jesus nog sou kom om vir ons sonde te sterf. Nou offer ons nie meer nie, want Jesus het klaar aan die kruis gesterf. In Salomo se tyd het hulle nog vir Jesus gewag.*

"Die Here het gesê daar moet 'n tafel wees vir die offerbrood." *Spesiale vars brood moes elke dag in die tempel wees. (Hou broodjies byderhand om vir die kinders te gee wanneer hulle klaar is. Die groep wat die konfyt gekry het, kan hulle konfyt opsmeer.)*

"Die Here het gesê daar moet kandelare in die Heiligdom wees."*Die kandelare word minoras genoem. Daar is sewe lampe aan elke kandelaar.*

"Die Here het gesê in die Allerheiligste moet dit donker wees."*Nêrens in die tempel was daar vensters nie.*

Nadat die tempel gebou is, het priesters die Ark in die Tempel gesit. God het in 'n rookwolk die tempel gevul. Almal was verbaas. So het God vir hulle gewys dat Hy by hulle is. Salomo het namens die volk tot God gebid en die Israeliete aangemoedig om die tempel gereeld te besoek. Sodoende sou hulle deurentyd bewus wees van hoe getrou God is.

Kinders kry tyd om oor die volgende te dink:

1. Ek wonder aan watter deel van die tempel sou jy wou bou.
2. Ek wonder hoe dit sou voel om heeltyd in doodse stilte te werk.
3. Ek wonder hoe dit sou voel om in die tempel te wees toe die Here dit in 'n rookwolk gevul het.

WERSKAF

- Laat die kinders die tempel binne uitlê soos op die prentjie. (Gebruik wat byderhand is.) Probeer die uitleg so eenvoudig as moontlik hou. Die belangrikste voorwerpe behoort uitgelê te word.
- 'n Ander moontlikheid is om 'n eetbare tempel op 'n tafel uit te lê. Hou dit weer so eenvoudig as moontlik en gebruik beskuitjies en klein lekkertjies.
- Feite-wiel: Gebruik die wiel om vrae oor die ontmoeting te vra. Die kinders kan elkeen een maak en huis toe neem.
- Inkleur : Instrumente gedruk oor 'n afdruk van die tempel .
- Tempel legkaarte: Laat die kinders die prent van die tempel inkleur, knip dit soos 'n legkaart uit en laat hulle dit weer bou.

Sluit af met die seënbede.

“Die Here het gesê die tempel moet dertig meter lank, tien meter breed en vyftien meter hoog wees.”
“Die Here het gesê daar mag geen geraas wees terwyl julle die tempel bou nie.”
“Die Here het gesê die groot vertrek, die voorste Heiligdom, moet twintig meter lank wees.”
“Die Here het gesê die binneste Heiligdom word die Allerheiligste genoem en daarin moet die Ark gesit word.”
“Die Here het gesê daar moet ’n altaar wees.”
“Die Here het gesê daar moet ’n tafel wees vir die offerbrood.”
“Die Here het gesê daar moet kandelare in die Heiligdom wees.”
“Die Here het gesê in die Allerheiligste moet dit donker wees.”




VERBONDSARK
REUKOFFER-
ALTAAR
KANDELAAR
TAFEL MET TOONBROODE
KOPERWASKOM
BRANDOFFERALTAAR
INGANG NA VOORHOF



Die tempel wat Salomo gebou het

Koning Salomo het al die konings van die aarde oortref in rykdom en wysheid.
1 Konings 10:23

Idee gekry by Debbie Jackson van kidsbibledebjackson.blogspot.com.

Wat was in die ark?

Wat het hulle die tent van aanbidding genoem?

Hoekom het Dawid nie die tempel gebou nie?

Hoekom het Salomo die tempel gebou?

Hoe lank het hulle aan die tempel gebou?

Waarmee het God die tempel gevul?

Hoeveel lampe is daar in 'n manora?

Hoe hoog was die tempel?

Wat is in die Allerheiligste gesit?

Waarmee het Salomo die mure, dak en vloer van die Heiligdom oorgetrek?

Wie was Salomo se pa?

Hoe noem jy die mense wat in die tempel werk?




© Crafting The Word Of God


© Crafting The Word Of God